VERLEDE TYD OEFENING
GRAAD 12
Fokus: Tye

Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd.

1. Die tiener breek ‘n spieël; **nou** het hy sewe jaar van ongeluk.

Wat gebruik ons in plaas van die onderstreepte woord in die verlede tyd?

2. 'n Jakarandablommetjie wat op jou kop val, voorspel geluk vir die eksamen.

3. ‘n Sirkel om die maan beteken dat dit binne drie dae sal reën.

Wat gebeur wanneer daar twee werkwoorde in ‘n sin is sonder ‘n voegwoord tussen die werkwoorde?

4. Ek **hoor** die man **praat** oor allerhande vreemde bygelowe.

1. Wat noem ons die werkwoorde wat onderstreep is?
2. Wat gebeur met hierdie werkwoorde in die verlede tyd?

5. Werner **maak** nooit ‘n sambreel in die huis **oop** nie, want dit voorspel ongeluk.

6. Dit is ongelukkig **om ‘n hoed op ‘n bed te laat lê.**

1. Wat noem ons die onderstreepte deel van die sin?
2. Wat gebeur daarmee in die verlede tyd?

7. Die oomblik dat jy in bygelowe begin glo, stel jy jouself oop vir twak.

8. Emily loop gereeld onder lere deur en geen ongeluk tref haar nie.

9 . Thoko gooi sout oor haar linkerskouer vir geluk **wanneer** sy dit laat val.

Wat gebruik ons in plaas van die onderstreepte woord in die verlede tyd?

10. Ek glo nie in bygelowe nie, maar ek het vriende wat daarin glo.

Pikkie Publikasies

Besoek www.woemaboeke.com vir oefeninge, hulpbronne en inspirasie vir die Afrikaans Addisionele Taal klas.
Kontak ons by info@woemaboeke.com vir meer inligting oor Woemaboeke of memorandums.
Gesels saam op Facebook.